



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

**DRAMATIESE KUNSTE
FEBRUARIE/MAART 2014
MEMORANDUM**

PUNTE: 150

Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.

ALGEMENE NOTAS VIR NASIENERS

1. Skryf, as nasiener, kort opmerkings waarom daar 'n punt af- of opgemerk is indien die memorandum nie 'n duidelike riglyn gee nie en die nasiener sy/haar eie diskresie moet gebruik.
2. Maak duidelike merkies om die leerpunt wat geassesseer word, aan te dui. Nasieners behoort aktief om te gaan met die antwoord.
3. Hoofnasieners moet die matriks (*rubric*) met die nasieners fasiliteer. Die vlakbeskrywers (*level descriptors*) in elke matriks moet die nasienproses lei.
4. Gereelde konsultasierondtes is nodig om te verseker dat die nasienproses gestandaardiseer is.
5. In die geval waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde skryf – moenie penaliseer nie (opstelvraag).
6. Die memobesprekingsforum kan nie alle response voldoende voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in aanmerking neem en oop wees vir kandidate se response en seker maak dat verskillende onderrigstyle nie die leerder benadeel nie.
7. Spandeer die eerste dag aan die ontleding van die kwaliteit en kwantiteit van die bewyse in die memorandum en aan standaardisering en om gemeenskaplike definisies en konsepte te vind.
8. Nasieners moet nagaan dat kandidate se antwoorde vir 'n spesifieke vraag in lyn is met die Assesseringstandaarde.

INSTRUKSIES AAN NASIENERS VAN DRAMATIESE KUNSTE VIR DIE GRAAD 12-VRAESTEL

1. Die vraestel is DRIE uur lank.
2. Die TOTALE punte vir die vraestel is 150.
3. Leestyd van VYFTIEN minute moet voor die aanvang van die vraestel aan kandidate toegestaan word. Dit is noodsaaklik om aan kandidate die geleentheid te bied om die nodige keuses te maak.
4. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
5. AFDELING A tel 30 punte, AFDELING B tel 60 punte en AFDELING C tel 60 punte.
6. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae wat hoofsaaklik fokus op LU3, maar LU2 word ook direk en indirek getoets:
 - VRAAG 1: Epiese Teater
 - *Kaukasiese Krytsirkel* OF
 - *Moeder Courage of* OF
 - *Kanna Hy Kô Hystoe*
 - VRAAG 2: Teater van die Absurde
 - *Afspraak met Godot* OF
 - *Die Kaalkop Prima Donna* OF
 - *Bagasie*

Kandidate moet EEN van die twee vrae beantwoord.

7. AFDELING B bestaan uit AGT vrae wat hoofsaaklik fokus op LU3 (maar ander LU's word ook direk en indirek getoets) en spesifieke dramas uit die Suid-Afrikaanse teaterbeweging:
 - VRAAG 3: *Boesman en Lena*
 - VRAAG 4: *uNosilimela*
 - VRAAG 5: *Woza Albert!*
 - VRAAG 6: *Sophiatown*
 - VRAAG 7: *Nothing but the Truth*
 - VRAAG 8: *Groundswell*
 - VRAAG 9: *Siener in die Suburbs*
 - VRAAG 10: *Mis*

Kandidate moet TWEE van die agt vrae beantwoord.

8. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae wat hoofsaaklik fokus op LU1 en LU4. LU2 word ook direk en indirek getoets. Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.
9. Die gewigstoekenning van die LU's vir die vraestel volgens die VAR- ('SAG') dokument is soos volg:
 - LU1 – 20% (30 punte)
 - LU3 – 60% (90 punte)
 - LU4 – 20% (30 punte)

AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER**Kandidate beantwoord EEN van die twee vrae:****VRAAG 1: EPIESE TEATER OF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.**

Die opstelle moet nagesien word deur die rooster te gebruik. Neem die kandidate se benadering tot die onderwerp in ag. Gemotiveerde, oorspronklike antwoorde wat insig toon, moet gekrediteer/erken word.

VRAAG 1: EPIESE TEATER

KANDIDATE HET HIERDIE VRAAG BEANTWOORD INDIEN HULLE DIE VOLGENDE BESTUDEER HET:

KAUKASIESE KRYTSIRKEL OF MOEDER COURAGE OF KANNA HY KÔ HYSTOE

KATEGORIE	PUNT	BESKRYWERS (BEWYSE)
Uitstaande prestasie	26–30	<p>Kandidaat is in staat om 'n argument saam te stel. Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde en geoefende struktuur. Ondersteun deur 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon insig, is vloeiend; waarneming en kennis word treffend uiteengesit.</p> <p>Kandidaat bespreek die Epiese tegnieke duidelik en hoe hierdie tegnieke gebruik is sodat die gehoor toegelaat word om objektief te bly en hoe hulle die gehoor aangemoedig het om oor oplossings te redeneer en maatskaplike verandering aan te moedig. Die kandidaat toon uitsonderlike begrip van Epiese Teater, Brecht se filosofie en die akteur-gehoor-verhouding. Hy/Sy ondersteun argumente deur na relevante voorbeelde uit die toneelstuk/teks wat bestudeer is, te verwys.</p>
Verdienselike prestasie	22–25	<p>Goed georganiseerd, gedetailleerd en omvattend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk. Gebruik 'n keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon insig; waarneming en kennis word goed uitgedruk.</p> <p>Hierdie kandidaat het 'n soortgelyke vlak van kennis van Epiese Teater, Brecht se filosofie, die akteur-gehoor-verhouding en die toneelstuk wat bestudeer is as die Uitstaande kandidaat. Die hoofverskil is die vermoë om aansluiting by die onderwerp te vind, die onderwerp te bespreek en taal effektief te gebruik. Dikwels skryf hierdie kandidaat te veel deur korrekte maar irrelevante inligting neer te skryf.</p>
Bevredigende prestasie	18–21	<p>Georganiseerd, bevat detail, daar is 'n mate van bevoegdheid, 'n paar klein foute is waarneembaar in die struktuur. Interessante antwoord, duidelike en logiese stellings, oortuigend, eenvoudige en direkte taalgebruik. Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon goeie begrip van die onderwerp.</p> <p>ÓF: Kandidaat poog om die Epiese tegnieke of Brechtiaanse tegnieke te bespreek en hoe hierdie tegnieke die gehoor aanmoedig om te dink. Hy/Sy verwys na sommige tegnieke van Epiese Teater, maar is vaag oor hoe hierdie tegnieke in die toneelstuk aangebied word. Die kandidaat toon goeie begrip van Epiese Teater en Brecht se filosofie.</p> <p>ÓF: Uitstekende ontleding van Epiese Teater, Brechtiaanse tegnieke en die toneelstuk wat bestudeer is, maar aansluiting by die onderwerp is per toeval, eerder as wat die onderwerp bespreek word.</p>

Voldoende prestasie	14–17	<p>Struktuur is nie noodwendig logies nie. Demonstreer basiese begrip, maar is geneig om soms meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf. Genoegsame keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Antwoord voldoende, maar voel gememoriseerd. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie.</p> <p>Kandidaat is goed voorbereid en kan detail gee oor Epiese Teater, Brechtiaanse tegnieke en die toneelstuk wat bestudeer is, maar kan dit nie van toepassing maak op die onderwerp nie. Dikwels lyk die werk asof dit 'n herhaling van notas is wat in die klas uitgedeel is en mag dus gefragmenteerd wees. Tog het die kandidaat 'n soliede kennis van die inhoud.</p>
Middelmatige prestasie	10–13	<p>Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie. Beperkte keuse van inligting, swak taalvaardighede kan 'n bydraende faktor wees. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde nie.</p> <p>Kandidaat het kennis van Epiese Teater, Brechtiaanse tegnieke en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om alles wat hy/sy weet, neer te skryf sonder om aan te sluit by die onderwerp. Inligting is oor die algemeen korrek, maar kan op 'n verwarde manier aangebied word. Dit is geneig om ÓF 'n aaneenlopende geskryf (geen paragrawe) te wees ÓF kort sinne wat sekere aspekte van die inhoud verduidelik. Kandidaat ken die inhoud van die toneeltekste, maar gee nie altyd relevante voorbeelde nie.</p>
Elementêre prestasie	6–9	<p>Onsamehangend – geen struktuur, beperkte woordeskat, geringe poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde te ondersteun nie. Dikwels 'n vertelling van die intrige.</p> <p>Kandidaat toon aanduidings van kennis van Epiese Teater, Brechtiaanse tegnieke en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om kort frases oor die inhoud van die toneelstuk of teorie wat aangeleer is, neer te skryf. Dikwels word foutiewe inligting ook gegee (oor 'n ander toneelstuk/karakters of 'n ander deel van teatergeskiedenis). Die nasiener sal in die antwoord moet soek vir korrekte inligting. Moeilik om na te sien omdat dit met die eerste oogopslag lyk asof die hele antwoord verkeerd is. Die kandidaat is geneig om die storie van die toneelstuk te vertel. Daar is geen verband met die onderwerp in die antwoord nie.</p>
Onvoldoende	0–5	<p>Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning. Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie. Baie deurmekaar en moeilik om te lees.</p> <p>Die kandidaat se kennis van Epiese Teater, Brechtiaanse tegnieke en die toneelstuk wat bestudeer is, is swak. Dikwels word verkeerde inligting gegee. Is geneig om 'n lys woorde, frases en sinne neer te skryf in die volgorde waarin die kandidaat inhoud onthou.</p>

OF

VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

KANDIDATE HET HIERDIE VRAAG BEANTWOORD INDIEN HULLE DIE VOLGENDE BESTUDEER HET:
AFSPRAAK MET GODOT OF DIE KAALKOP PRIMA DONNA OF BAGASIE

KATEGORIE	PUNT	BESKRYWERS (BEWYSE)
Uitstaande prestasie	26–30	<p>Kandidaat is in staat om 'n argument saam te stel. Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde en geoefende struktuur. Ondersteun deur 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon insig, is vloeiend; waarneming en kennis word treffend uiteengesit.</p> <p>Kandidaat bespreek die siening van Absurdisme dat jou bestaan sinloos is en dat mense probeer om die wêreld om hulle te verstaan deur 'n mate van orde en struktuur te skep. Eksistensiële karakters en hulle handeling in die toneelstuk wat hy/sy bestudeer het, word volledig bespreek. Hy/Sy verwys na tegnieke van Teater van die Absurde en gee spesifieke voorbeelde uit die toneelstuk. Die kandidaat toon 'n uitsonderlike begrip van Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is.</p>
Verdienselike prestasie	22–25	<p>Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk. Gebruik 'n keuse van relevante dramatiese verwysings. Toon insig; waarneming en kennis word goed uitgedruk.</p> <p>Hierdie kandidaat het 'n soortgelyke vlak van kennis van Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is as die Uitstaande kandidaat. Die hoofverskil is die vermoë om aansluiting by die onderwerp te vind, die onderwerp te bespreek en taal effektief te gebruik. Dikwels skryf hierdie kandidaat te veel deur korrekte maar addisionele inligting neer te skryf.</p>
Bevredigende prestasie	18–21	<p>Georganiseerd, bevat detail, daar is 'n mate van bevoegdheid, 'n paar klein foute is waarneembaar in die struktuur. Interessante antwoord, duidelike en logiese stellings, oortuigend, eenvoudige en direkte taalgebruik. Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon goeie begrip van die tema/taak, 'n paar logiese stellings.</p> <p>ÓF: Kandidaat poog om die karakters en hulle handeling en die Absurde filosofie te bespreek. Hy/Sy verwys na sommige tegnieke van Teater van die Absurde, maar is vaag oor hoe hierdie tegnieke in die toneelstuk aangebied word. Die kandidaat toon 'n goeie begrip van die karakters, Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is.</p> <p>ÓF: Uitstekende ontleding van Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is, maar aansluiting by die onderwerp is per toeval, eerder as wat die onderwerp bespreek word.</p>
Voldoende prestasie	14–17	<p>Struktuur is nie noodwendig logies nie. Demonstreer basiese begrip, maar is geneig om soms meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf. Genoegsame keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Antwoord voldoende, maar voel gememoriseerd. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie.</p> <p>Kandidaat is goed voorbereid en kan detail gee oor Teater van die Absurde, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar kan dit nie van toepassing maak op die onderwerp nie. Dikwels lyk die werk asof dit 'n herhaling van notas/karaktersketse is wat in die klas uitgedeel is en mag dus gefragmenteerd wees. Tog het die kandidaat 'n soliede kennis van die inhoud. Dikwels word die karakters slegs genoem en 'n kort karakterskets van elk word gegee.</p>

Middelmatige prestasie	10–13	<p>Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie. Beperkte keuse van inligting: swak taalvaardighede kan 'n bydraende faktor wees. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike dramatiese verwysings en voorbeelde nie.</p> <p>Kandidaat het kennis van Teater van die Absurde, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om alles wat hy/sy van die karakters weet, neer te skryf sonder om aan te sluit by die onderwerp. Inligting is oor die algemeen korrek, maar mag op 'n verwarde manier aangebied word. Dit is geneig om ÓF 'n aaneenlopende geskryf (geen paragrawe) te wees ÓF kort sinne wat sekere aspekte van die inhoud verduidelik. Kandidaat ken die inhoud van die toneelstuk wat bestudeer is.</p>
Elementêre prestasie	6–9	<p>Onsamehangend – geen struktuur, beperkte woordeskat, geringe poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike dramatiese verwysings en voorbeelde te ondersteun nie. Daar is geen verband met die onderwerp in die antwoord nie.</p> <p>Kandidaat toon 'n mate van kennis van Teater van die Absurde, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om kort frases oor die karakters, inhoud van die toneelstuk of teorie wat aangeleer is, neer te skryf. Dikwels word foutiewe inligting ook gegee (oor 'n ander toneelstuk/karakters of 'n ander deel van teatergeskiedenis). Die nasiener sal in die antwoord moet soek vir korrekte inligting. Moeilik om na te sien omdat dit met die eerste oogopslag lyk asof die hele antwoord verkeerd is. Die kandidaat is geneig om die storie van die toneelstuk te vertel of om kort karaktersketse te gee.</p>
Onvoldoende	0–5	<p>Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning. Irrelevant. Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie. 'n Poging is aangewend om die storie te vertel. Baie vaag en deurmekaar.</p> <p>Kandidaat se kennis van Teater van die Absurde, die karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, is swak. Dikwels word verkeerde inligting gegee. Is geneig om 'n lys van woorde, frases en sinne neer te skryf in die volgorde waarin die kandidaat dit onthou. Kandidaat skryf dikwels onsamehangend en verwar terminologie en praktisyne.</p>

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER**VRAAG 3: BOESMAN EN LENA DEUR ATHOL FUGARD**

3.1.1 Die tou is simbolies van die galgtou/doodstraf/ophang. Boesman is bang om doodgemaak te word deur gehang te word – 'n metode wat gebruik is deur die Suid-Afrikaanse regering van daardie tyd vir alle gevangenes wat tot die dood veroordeel is. Die rede waarom hy ophou om Lena te slaan, is omdat hy bang is om beheer te verloor en die doodstraf in die gesig te moet staar. (4)

3.1.2 Nasieners moet 3 punte vir vokaal en 3 punte vir fisies toeken.
(1 punt vir die eienskap en 2 punte vir redenasie)
Aanvaar ander geldige antwoorde.

Die volgende is slegs 'n voorstel:

Vokaal – Lena sal begin deur 'n medium tot groot stemomvang te gebruik. Haar toon sal spottend/sarkasties wees – sy por Boesman in hierdie reëls aan, want hy is die een wat altyd die oorhand het. Sy ken Boesman baie goed en sy ken sy vrese en swakhede. Sy weet ook dat Boesman haar net tot op 'n sekere punt slaan en dan ophou. Hy sal nie verder gaan as dit nie, want hy wil nie in die tronk beland nie. Haar spraaktempo sal medium tot vinnig wees in reël 1–2.

'n Pouse word gebruik vir dramatiese effek.

In reël 4–9 raak haar spraaktempo stadiger as sy die slae onthou wat sy by Boesman gekry het.

Haar stemtoon in hierdie reëls sal peinsend wees.

Fisies – Sy sal staan en gebare gebruik om na hom te wys en haar vingers na hom toe skud as sy sê: 'Jy's bang vir die tou.' Sy kan waarskynlik sit as sy haar laaste slae onthou. Sy kan haar kop skud en haar skouers optrek in reël 4–9. Sy kan ook na die plekke op haar liggaam wys wat gekneus is.

Haar gesigsuitdrukking kan verander van gelukkig met 'n glimlag op haar gesig as sy vir hom lag na 'n baie treuriger uitdrukking as sy die pyn onthou wat sy voel wanneer hy haar slaan. Sy kan ineenkrim as sy die slae onthou. (3 x 2) (6)

3.1.3 Aanvaar kandidate se standpunte indien gestaaf – 8 kort, relevante stellings, of 4 meer gedetailleerd of 2 baie goed bespreek.

Die tema van mishandeling is baie prominent in die toneelstuk. Lena is al vir baie jare saam met Boesman en moes baie keer die ergste van sy toorn verduur. Boesman het Lena op baie maniere mishandel. Hy slaan haar gereeld met sy vuiste, hy mishandel haar verbaal, tart haar en laat haar twyfel in haarself. Byvoorbeeld, (1) hy laat haar glo dat sy drie bottels gebreek het wat hulle by 'n bottelomruiler sou gaan verkoop het, terwyl hy hulle in werklikheid gebreek het. Lena is potblou van al die slae wat sy by Boesman gekry het, maar sy bly nog steeds by hom. Watter ander alternatief het sy? Dit is die enigste lewe wat sy ken – sy weet nie van beter nie. Sy praat 'n paar keer daarvan dat sy hom wil verlaat, maar sy doen dit nie, want vir haar is die onbekende meer vreesaanjaend as die bekende.

Meer belangrik, (2) Boesman is die enigste skakel met haar verlede. Boesman kan nie sy woede op die witmense uithaal wat sy pondokke vernietig het nie, so hy haal dit uit op Lena, iemand wat hy kan beheer en oor wie hy mag het.

Hy verwaarloos haar en weier om met haar te praat en vertel haar 'n paar keer dat hy wens dat sy hom sal verlaat, maar hy het haar steeds nodig op 'n verwronge manier. Sy is altyd daar by hom en hy verwag van haar om daar te wees. Hy kan sy frustrasies op haar uithaal – sy is sy 'slaansak'. Maar op 'n siek manier is hulle op mekaar aangewese vir kameraadskap, sekuriteit en 'n bevestiging dat hulle menslik en lewendig is, eerder as om alleen te wees.

PUNTE 3.1.3**BESKRYWER**

Baie goed	7–8	Kandidaat verbind en integreer beide die aanhaling en kennis van die drama. Is in staat om die antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde van die karakter se geskiedenis, persoonlikheid en handeling en is in staat om duidelik te bespreek hoe Boesman Lena fisies, geestelik en emosioneel mishandel.
Goed	5–6	Kandidaat is in staat om die karakters, intrige en tema van mishandeling te beskryf en dit met die vraag in verband te bring. Die beskrywing van die karakters is egter meer gedetailleerd as die verband met die vraag.
Gemiddeld	3–4	Kandidaat het ÓF 'n begrip van die vraag en is in staat om dit in redelike detail te beskryf, maar het nie die vermoë om die karakter met die tema van mishandeling in verband te bring nie, ÓF beskryf karakter/intrige op 'n oppervlakkige wyse en versuim om dit met die vraag in verband te bring.
Swak	0–2	Kandidaat gee 'n basiese beskrywing van 'n karakter en mishandeling, maar versuim om by die proses aan te sluit, behalwe om die storie te vertel.

(8)

3.2 Dit dui daarop dat daar 'n tyd was toe hulle albei gelukkiger en in 'n meer liefdevolle verhouding was. Sy sal vinnig praat om mee te begin om te probeer om haar punt te stel en stadiger praat in die tweede sin as sy meer nadenkend is. Haar toon sal ferm wees en grens aan woede as sy die eerste sin sê en dan verander na herinnering en warmte in die tweede sin. Dit stel ook voor dat die lewe vir hulle nie so erg was as wat dit nou is nie. Dat daar 'n tyd was toe Boesman eintlik liefdevol en sag en nie so knorrig, buierig en aggressief was as wat hy nou is nie. Sy onthou ook 'n tyd toe hulle eintlik 'n kamer gehad het met 'n deur, wat op privaatheid en gerief dui, in teenstelling met die moeilike omstandighede waaronder hulle nou woon.

(4)

3.3 Aanvaar TWEE punte wat baie goed bespreek is of VIER punte wat kortliks verduidelik is.

Hierdie frase beskryf Boesman en Lena se lewe en lewensomstandighede gepas. Hul lewens is sonder vooruitsig en hard. Daar is niks om na uit te sien nie as gevolg van die armoede en diskriminasie. Hulle is deur die samelewing weggegooi soos ou, ongewenste rommel.

As gevolg van armoede het hulle niks om werklik hul eie te noem nie, behalwe vir 'n paar basiese besittings,. Boesman bou 'n tydelike huisie, 'n pondok, maar dit word deur die wit mans en hul stootskrapers vernietig. Wanneer dit gebeur, moet Boesman en Lena na 'n ander gebied verskuif waar die hele proses weer van voor af gebeur. Al wat Boesman en Lena dus na regte het, is 'n vinnig geboude skuiling van sink en karton wat skaars beskerming bied teen die elemente. Daar is byna geen ruimte om te beweeg nie en in 'n ander toneel vergelyk Boesman hulle met bobbejane wat by hul grot in en uit kruip.

(4)

3.4 Die drama speel af in die Suid-Afrika en die meeste aksie vind in die moddervlaktes van Swartkop, buite Port Elizabeth, plaas. Fugard was baie vertrouwd met hierdie gebied, die omstandighede en die mense; dit was dus vir hom makliker om daaroor te skryf. Hierdie plasing laat Fugard toe om op die verhouding tussen twee mense te fokus wat niks het om te verloor behalwe mekaar nie.

(4)

[30]

VRAAG 4: uNOSILIMELA DEUR CREDO MUTWA

- 4.1 Die proses van inheemse Afrika-vertelkuns begin met 'n gepaste, tydlose ruimte, verhoogplasing, vreemde karakters (wat kinders insluit) en vreemde taal. Aan die begin is die atmosfeer rustig, word versteur soos die verhaal ontvou, en rustigheid word herstel aan die einde van die storie. [Orde na wanorde en die herstel van orde] Taal is vreemd, bv. '*Alishone ilanga bantwabami*', wat in wese beteken: 'Vrede vir julle, my kinders' of 'Seën vir julle, my kinders'. In inheemse Afrika-kultuur dui die sonsondergang op vrede en die samekoms (eenheid) in die familie. (4)
- 4.2 In inheemse Afrika-teater begin die storie met rustigheid, bv. 'Kwasukasukela (IsiZulu, Siswati)/Ukusukela kwentsomi (IsiXhosa) ['Die storie begin met/Aan die begin' d.w.s. van orde na wanorde en die herstel van orde]. Die belangrikste faktor van die storie is 'n les wat geleer word. 'n Sentrale krag bind die storie saam en dit word verteenwoordig deur 'n vuur in die middel van die karakters/gehoor.
- In die Westerse kultuur word rustigheid aan die begin van die storie versteur: 'Eendag lank, lank gelede, in 'n donker en stormagtige nag/Dit was 'n donker en stormagtige nag ...' [van wanorde na orde. Die klimaks van die storie is die bereiking van geluk (bv. '... en hulle het lank en gelukkig saam geleef.' Daar is 'n dryfkrag agter die storie wat deur 'n karakter(s) verteenwoordig word wat van die gehoor geskei word. Wat inheemse Afrika-, Westerse en Indiese storiëkuns in gemeen het, is dat die goeie oor die bose seëvier. (4)
- 4.3 Die storieverteller toon meer liefde en respek vir die kinders. Sy of hy is egter ferm en dwing agting en gesag van die kinders/gehoor af. Hy laat die kinders en 'n deel van die gehoor en die karakters in die storie meedoen. Dit help om die drama beter te verstaan omdat daar verstaan word dat die dansers die kinders (gehoor) is vir wie die storieverteller (koning) gesê het om hom te gaan staan. (4)
- 4.4 Die goeie seëvier oor die bose. Die kinders moet uitgaan en die goeie boodskap versprei, en dit ook vergoed met goeie daede. (2)
- 4.5 **Vokaal**
Die stem van die storieverteller wissel (intonasie) volgens die atmosfeer van die storielyn, bv. die stem sal rustiger en ligter aan die begin wees (gedurende rustigheid/wanneer orde gehandhaaf word) met 'n stadiger spraaktempo, maar verander na dieper en 'n vinniger spraaktempo wanneer rustigheid versteur word, en weer terug na ligter (stem) en stadiger in tempo (spraak) wanneer rustigheid herstel word.
- Fisies**
Lyftaal is stadig, 'crouchy' (buig effens), kyk af, kalm. Sodra orde versteur is, is die liggaam meer aktief, met tempo, en (afhangend van die karakter van wie gepraat word) óf aggressief óf selfgeldend, en wanneer orde en rustigheid weer herstel is, terug na stadig en kalmer en die weerspieëling van nederigheid. (3 x 2) (6)

- 4.6 Die kandidaat moet ten minste EEN spesifieke voorbeeld uit die drama gee. Die drama in geheel is oor hoe swart Afrika-mense hulle manier van lewe in die verlede leer verstaan en hoe hulle mekaar gerespekteer het. Dit help mense om saam met mekaar te lewe en 'n medebestaan te voer. Dit het aan swart Afrika-mense die geleentheid gebied om mekaar te respekteer en te verstaan dat God die kern is van al die bogenoemde. (4)
- 4.7 Die vraag se einde is redelik oop en vereis oorspronklike denke. Dit moet erkenning kry tydens die nasien. Die drama verskaf 'n brug tussen Afrika-seremonie en -ritueel en Westerse teaterstrukture. Dit bied 'n geleentheid om 'n verskeidenheid tradisionele Afrika-temas, beelde en idees aan 'n gehoor te bied wat meer vertrouwd is met die tradisionele teater. Dit laat Suid-Afrikaners die feit waardeer dat Afrika, in teenstelling met wydverspreide geloof, 'n goed georganiseerde teater het wat oor minstens 20 eeue strek. Dit is nuttig, nie net vir swart Afrika-mense in die algemeen nie, maar vir elke persoon van enige ras wat in Afrika en elders woon, want dit verdryf ook die mite dat swart Afrika-mense 'voorvaders aanbid'. Die drama bied geleenthede om verskeie elemente van opvoering te integreer deur beweging, maskers, klank-effekte, ens. te gebruik en verbind inheemse opvoering met Westerse opvoering. Dit sal die gehoor aanmoedig om verder optredes te ondersoek wat ritueel en seremonie insluit. (6)
[30]

VRAAG 5: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

- 5.1 5.1.1 Met hul liggame skep hulle hul totem en word 'n instrumentale jazz-orke. Hulle gebruik hul stemme om die klanke van kontrabas ('double bass'), saksofoon, fluit, tromme, bongo's en trompet te skep. Elkeen word op 'n ander manier geskep. Hulle klap aan die einde en verander in die gehoor. Percy sit die neus op en trek 'n eenvoudige, wit baadjie aan om 'n ander karakter te skep. (4)
- 5.1.2 Die akteurs moet op 'n baie hoë energievlak opvoer. Die karakters is dikwels stilisties of gekarikaturiseer. Deur die gebruik van klank-effekte en die gebruik van die bokse in die opstel van 'n toneel, dui dit aan wat die bokse nou geword het. Hulle moet hul liggame en stemme gebruik om te vergoed vir die beperkte stelontwerp, kostuums en rekwisiete. Die gebruik van hul liggame help die akteurs om meer interaksie met die gehoor te hê, roep soms lagwekkende oomblikke op, en handhaaf sodoende belangstelling en introspeksie by die gehoor. Hulle gebruik nie ingewikkelde kostuums nie, dus is dit makliker om van karakter tot karakter te beweeg. Rekwisiete is multifunksioneel en help met die vloei van die beweging van die een toneel na 'n ander. (2)
- 5.2 5.2.1 'Excuse my boss ... Yes, my boss'. Dit was sosiaal aanvaarbaar in die tyd van apartheid dat swart mense kon wegkom met iets of meer kon kry van wat hulle wou hê, net deur hierdie woorde aan wit mense te sê, om hulle meerderwaardig of belangrik te laat voel. Dit was egter vernederend vir swart mense omdat dit hulle afgeskuif het na die status van bedelaars wat vir die res van hul lewens gekruip het. (4)

- 5.2.2 Polities het omstandighede verander, maar ekonomies nie veel nie. Alhoewel die voorheen benadeeldes wel toegang het tot behuising, dienslewering, ens., is die probleem met implementering en tot 'n groot mate korrupsie deur staatsamptenare. Waar hul behoeftes tydens apartheid geïgnoreer is en hulle nie 'n sê gehad het nie, is hulle nou meer uitgesproke oor hul regte. Daar is egter baie kwessies wat nog aangeraak moet word as gevolg van die groot agterstand. Sosiaal is daar groot verbeterings met swart en wit mense wat 'n beter begrip van mekaar gevorm het. Dit is belangrik om te verstaan dat wit mense tot 'n sekere mate ook slagoffers van apartheid was. 'n Goeie voorbeeld is dat daar baie waarhede vir hulle weggesteek was en daar is vir hulle 'n valse gevoel van veiligheid gegee. (4)
- 5.3 Die akteurs wat hierdie drama geskep het, het van hulself in die drama belê. 'n Akteur sou nou die verlede bestudeer en dit sou nie die dringendheid van die vorige produksies hê nie. Baie fisiese opvoerbewegings in die drama sou nie gedokumenteer gewees het nie omdat die beginpunt improvisasie was en die akteurs dalk rondom idees moes improviseer. Baie van die karakters is gebaseer op mense wat die akteurs ontmoet het en bestudeer het. Die omstandighede waaronder die werkswinkeldrama ontwikkel het, word dalk nie behoorlik verstaan deur die hedendaagse gehoor nie. Moderniteit het gekom met baie uitvindings waaraan die hedendaagse gehoor gewoond is, wat hulle verwag om in die drama gebruik te word, so die etos van 'n spontane ('unscripted')/werkswinkeldrama mag verlore gaan of nie deur die hedendaagse gehoor gewaardeer word nie. (4)
- 5.4 Die kandidaat moet sê waar die drama opgevoer moet word en verduidelik hoekom hy/sy daardie ruimte verkies. Voorbeeld: Ek sou die area buite my snoepwinkel gebruik. Daar is 'n sirkelvormige ruimte met 'n paar banke vir mense om op te sit. Ons het nie beligting of 'n spesiale verhoog nodig om die drama op te voer nie. Ek sal twee banke bo-op mekaar gebruik om die reling voor te stel en twee swart blikke vir die bokse. Die gehoor kan in 'n halfsirkel om die akteurs sit. (4)
- 5.5 Aanvaar ander geldige antwoorde. Die volgende is slegs 'n riglyn:
Laat die Dramatiese Kunste-klas toe om die uittreksel op te voer sodat hulle die omstandighede kan ervaar waaronder die mense geleef het. Deur dit te doen sal hulle die belangrikheid daarvan verstaan om teen xenofobie en rassediskriminasie te baklei. Hulle kan ook die pyn en hartseer ervaar wat deur hierdie mishandelinge veroorsaak is. Hulle kan die pyn en lyding verstaan waardeur hul ouers gegaan het sodat hulle vandag vryheid kan geniet. Rollespel sal hulle help verstaan hoe dit voel om onregverdig behandel te word en om te identifiseer met diegene in soortgelyke situasies. Dit kan ook verhoed dat hulle teen ander diskrimineer. Hulle kan hierdie en ander tonele uit die drama opvoer wat onderdrukking en/of rasse-onenigheid uitbeeld. Dit sal hulle in staat stel om die karakters se skoenes vol te staan en eerstehands diskriminasie, onreg en ongelykheid te ervaar. Die leerders wat opvoer, kan dit ook doen vir ander leerders in die skool en sodoende die boodskap oordra. Die grootste uitdaging is dat die onderwerp verander het en daar is ander, dringender probleme vandag. Sommige gehore wil dalk nie aan die verlede herinner word nie, terwyl ander dalk meer relevante dramas wil kyk. Aan die ander kant is dit moontlik om die drama te gebruik om te waarsku en te waak teen die herhaling van die foute van die verlede. Die regisseur kan dus die drama in geheel as 'n onderrighulpmiddel gebruik. Dit kan uitgebrei word na 'n bespreking van 'n bewegingstuk of enige alternatiewe opvoerstyl. (8)

VRAAG 6: SOPHIATOWN DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP

6.1 Kandidate kan ENIGE TWEE karakters kies. Die volgende is slegs 'n riglyn:

Jakes verteenwoordig die opgevoede en die intellektuele. 'n Man van woorde eerder as daad. Hy is 'n goeiehartige en hulpvaardige individu, veral teenoor Ruth. Hy is 'n passiewe man wat nie daarvan hou om in te meng by ander mense se probleme nie. Alhoewel hy vir Ruth omgee, wys hy haar nie hoe hy regtig voel nie.

Mingus – verteenwoordig die pseudo-Amerikaanse bendelid. Hy is 'n interessante en arrogante individu wat voel dat hy 'n pad deur die lewe kan koop. Hy maak 'n lewe uit steel – as hy iets wil hê, vat hy dit net. Die ander karakters doen wat hy sê of probeer om hom te ignoreer om die vrede te bewaar, behalwe Ruth wat hom uitdaag. Hy beskou homself as 'n moderne Robin Hood wat goedere van die spoorweë steel en dit teen 'n billike prys aan die armes in Sophiatown verkoop.

Lulu – verteenwoordig die swart jeug en die duisende skoolkinders wat deur 'Bantoe-onderwys' ontnugter is. Sy het 'n wil van haar eie, en is nie bang om haar sê te sê nie, wat duidelik is in haar gesprekke met Ruth. Sy is parmantig en plesierig. Sy probeer om gesag uit te daag, maar Mamariti en Mingus hou haar onder beheer. (3 x 2) (6)

6.2 Dit was baie ongewoon vir 'n Joodse, wit meisie om die *Drum*-tydskrif te lees, veral gedurende die apartheid-era. Om op die advertensie te antwoord, sou selfs vreemder gewees het, want dit sou dan beteken dat sy die gerief van haar eie huis sou verlaat om 'n onbekende, swart gebied binne te gaan, wat die meeste konserwatiewe, wit meisies van daardie tyd bang sou gewees het om te doen. (3)

6.3 Dit veroorsaak 'n interessante dinamika in die huis as almal, behalwe Princess, kompeteer vir Ruth se aandag. Hulle probeer om haar tevrede te stel en om haar te akkommodeer tot die mate dat hulle 'n bad vir haar wil kry. Prinses sien haar as kompetisie en is jaloers op haar en baie agterdogtig oor haar. Mamariti sien die geleentheid om meer geld te maak. (3)

6.4 Aanvaar ander geldige antwoorde.

Dit is 'n akkurate voorstelling van die plek Sophiatown omdat dit handel oor die Wet op die Hervestiging van 1954. Die swart inwoners van Sophiatown sou verskuif word na Meadowlands – die Indiërs en Chinese na hul eie groepeerbiede. Gedwonge verskuiwings is 'n belangrike tema in die drama.

Die drama beklemtoon ook die sosio-ekonomiese status van die plek. Die misdaad en geweld word deur Mingus en die bendes beklemtoon. Oorbevolking is 'n groot probleem in Sophiatown in daardie tyd en word in Mamariti se huishouding gesien waar elke beskikbare ruimte óf gebruik word deur familieledes óf verhuur word. Die lewendigheid en eenheid van Sophiatown word deur die karakters uitgelig. (4)

6.5 Dit is 'n demokratiese en samewerkende manier om 'n toneelstuk te skep. Dit het ongeletterde mense toegelaat om by te dra tot die skep van 'n aktuele, diepsinnige opvoering. Dit begin by opvoering eerder as teks. (2)

6.6 Dit hoef nie ingewikkelde stelle of beligting te hê nie, dus is produksiekoste laag. Geen spesiale plek word vereis nie. Dit is redelik maklik om op te voer omdat kostuums, rekwisiete en inkleding tot 'n minimum beperk word. Almal wat betrokke is, kan 'n sê hê in die skeppingsproses.

(4)

6.7 Die volgende is 'n riglyn. Aanvaar ander terminologie wat gebruik word, solank die hoofidees in die antwoord vervat word. (Kandidates kan slegs volpunte verdien as hulle die werkswinkelproses met die JATG verbind het. Ken slegs 5 punte toe indien hulle slegs die werkswinkelproses genoem het.)

Die Idee/Intensie

Die proses begin met 'n idee vir 'n opvoering of 'n behoefte dat 'n kwessie of opvoedkundige saak ondersoek moet word – in hierdie geval die advertensie vir 'n Joodse meisie om in Sophiatown te gaan bly.

Waarneming/Navorsing

Hierdie is die navorsingsafdeling wat gebruik maak van tradisionele navorsingsmetodes, soos onderhoude, die waarneming van mense soos hulle met hul daaglike lewe omgaan of eie ervaring. Die Junction Avenue-Teatergeselskap het 'n reeks onderhoude begin met verteenwoordigende figure uit daardie tydperk, soos Don Mattera wat aan hulle wonderlike insig gegee het in Tsotsitaal, die taal van die strate. Kort Boy, leier van die 'American'-bende, het hulle geleer hoe om die taal en gebare van wedywerende bendes vas te vang – hoe om die vreemde mengsel van beleefdheid en uiterste geweld vas te vang. Hy het inligting verskaf oor die obsessie met kleredrag en deftige skoene, asook die mag wat Amerikaanse films op die bendelede uitoefen en hulle houding teenoor vroue. Hulle het ook navorsing gedoen oor die tydperk deur vorige *Drum*-tydskrifte te gebruik.

Improvisasie

Die groep besluit op 'n raamwerk of basiese tema vir die improvisasie. Die akteurs improviseer binne hierdie struktuur, en gebruik hul waarnemings en navorsing om karakters te skep en op situasies te reageer. Die res van die groep kyk en reageer en gee raad. Die improvisasie sluit dikwels sang en dans in. Met behulp van die inligting wat hulle uit hul navorsingsfase gekry het, werk die akteurs dan aan hul idees ('wokshop'). Hier kry hulle insig in die Joodse tradisie van Bar mitzvah en hoe Joodse seuns die Skrif moes leer.

Seleksie

Die verskillende 'stukkies aksie' (tonele) wat deur die akteurs geskep word, word deur lede van die groep gekies, verwerp of aangepas. Nie alles is ingesluit nie; hulle moet kies wat die beste by hul onderwerp pas en wat dramaties werk. Die gekose tonele word dan saamgevoeg deur verbindingsmiddele om die raamwerk van 'n opvoering te vorm. Die JATG het verskillende strukture, verskillende maniere om te begin en te eindig probeer om hul finale doel van die vertel van die storie oor die vernietiging van Sophiatown te bereik. 'n Enkele persoon het die proses na improvisasie beheer om die materiaal in 'n werkende manuskrip te vorm.

Opname

Die finale fase kan 'n opname van die produksie wees eerder as 'n manuskrip of 'n video-opname.

(8)
[30]

VRAAG 7: NOTHING BUT THE TRUTH DEUR JOHN KANI

- 7.1 Nasieners moet TWEE punte aanvaar wat goed gemotiveer is.
Kandidate kan fokus op al die dinge wat Themba 'geneem' het of veronderstel was om van Siphos te geneem het wat vir hom oor die jare ellende veroorsaak het, byvoorbeeld:
Sy draadbus
Sy baadjie
Sy ouers se liefde en aandag
Klasgelde vir hom om universiteit toe te gaan
Die dood van sy seun, Luvuyo
Verhouding met Sindisiwa (2)
- 7.2 Hierdie uittreksel toon dat hy uiteindelik Themba se dood en verassing aanvaar. Hy erken dat hy kwaad is vir Themba, maar erken ook sy liefde vir hom. Hy aanvaar uiteindelik alles wat in sy lewe gebeur het en raak verlos van al die dinge wat hom vasgebind het. Al wat hy eintlik wou hê, was dat Themba hom moes liefhê en om verskoning moes vra vir die pyn wat hy veroorsaak het. (3)
- 7.3 Dit is waar van Siphos en sy familie. Sy ouers hom seergemaak deur Themba as die jongste seun voor te trek. Themba het Siphos seergemaak deur alles te neem wat Siphos liefgehad en gekoester het. Dit was die meeste seergemaak het, was die verhouding met Sindisiwa, Siphos se vrou. Wat meer pyn veroorsaak het, was die feit dat hulle nie oor hul gevoelens gepraat het nie, dus was sake onopgelos. Themba het die land verlaat sonder om vir Siphos om verskoning te vra en dit was die veroorsaak dat Siphos vir die grootste deel van sy volwasse lewe in woede en bitterheid geleef het. Themba het vir Siphos seergemaak, die een persoon wat hom vir die grootste deel van sy lewe in Suid-Afrika liefgehad en ondersteun het. (4)
- 7.4 In teenstelling met die vorige harde en emosionele opvoering van Mandiso en Siphos, moet Siphos hier sagter praat en meer introspektief wees. Hy kan baie stil speel, asof hy ook skielik 'n openbaring gehad het en die bekommernisse van die verlede van sy skouers gelig het. Siphos het die heelyd geweet dat Themba nie geblameer kon word vir Luvuyo se dood nie, maar om vir hom kwaad te wees het Siphos gehelp sy seun se dood te hanteer. Dit was asof hy al sy hartseer daarin gekanaliseer het om vir Themba te blameer wat op 'n manier sy pyn verlig het. Dit was 'n uitlaatklep vir sy hartseer. (6)
- 7.5 Die drama speel af in die jaar 2000 en is geskryf in twee bedrywe. Dit vind plaas in die laat middag en vroeë aand van twee agtereenvolgende dae. Die struktuur van die drama is lineêr, gebaseer op opeenvolgende aksie. Daar is geen terugflitse nie; die verlede word bekendgestel deur middel van stories wat in die hede vertel word. Daar is geen verskuiwings in plek nie. Dit voldoen aan die beginsels van realistiese skryf in terme van karakterisering en dialoog. Dit volg die struktuur van die goed gemaakte toneelstuk met 'n uiteensetting, ontwikkeling van spanning, verwikkeling, klimaks en oplossing. Ook 'n begin, middel en einde. (6)

- 7.6 Die kandidaat moet na DRIE voorvalle verwys om volpunte te kry, maar dit vereis nie 3 x 3 nasien nie. Kyk holisties na die antwoord.

Wanneer hy die waarheid in die gesig staar en praat, is Siphon in staat om hom van sy duiwels te suiwer en vry te wees om aan te beweeg. Hy maak oop oor al die kwessies wat hy oor die jare opgekrop het – sy vrou, sy broer, sy dogter. Hy erken dat hy jaloers was op sy broer, maar terselfdertyd lief was vir hom en hom baie gemis het. Nadat hy die woede en pyn ervaar het om al hierdie emosies en gevoelens vir soveel jare op te krop en nie in staat was om daarvoor te praat nie, het hy uiteindelik erken wat gebeur het en besef dat hy niks daaraan kan doen nie as om te vergewe.

Hy aanvaar die gebeure van die verlede en aanvaar dat hy nooit sy broer sal terugkry nie; hy sal ook nie ware geregtigheid vir sy seun of sy vrou kry nie. Al wat hy weet, is dat om daarvoor te praat en om ontslae te raak van al sy gevoelens van woede en bitterheid, dit hom die gemoedsrus sal gee om te erken dat hy verkeerd was. Dit gee hom die geleentheid om vrede te maak met die feit dat hy nooit weer sy broer sal sien nie, maar hy besef dat sy broer hom liefgehad het en dit is al wat uiteindelik saak maak. Wanneer Siphon sy persoonlike verraad deel, sy verlies aan selfbeeld, trots en waardigheid met die meisies, ervaar hy 'n gevoel van vrylating. Dit is amper asof 'n las van sy skouers af gelig is. Al die seer, pyn en woede wat hy vir jare saam gedra het, het verdwyn en hy voel verligting. Deur dit los te laat, kan hy homself uiteindelik vrymaak van al die bagasie waaraan hy sy hele lewe lank vashou. Nadat hy sy broer en sy vrou vergewe het, kan hy homself vergewe en met Thando en Mandisa versoen raak. Met geen geheime meer nie, is hy vry om uiteindelik sy drome na te volg en sy lewe in vrede te leef.

PUNTE 7.6**BESKRYWER**

Baie goed	8–9	Kandidaat is in staat om 'n duidelike en bondige antwoord wat kennis van tema van waarheid, vergifnis en versoening gee, te gee. Verbind en integreer beide aanhaling en kennis van tema en karakter en is in staat om vlot uit te druk hoe Siphon nou kan voortgaan met sy lewe, noudat hy ontslae is van al die bitterheid en woede deur vergifnis.
Goed	6–7	Kandidaat is in staat om die tema van waarheid, vergifnis en versoening in detail te bespreek. Wend 'n poging aan om aan te sluit by die vraag en probeer om te sê hoe Siphon uiteindelik met sy eie lewe kan voortgaan.
Gemiddeld	4–5	Kandidaat het 'n begrip van die tema van waarheid, vergifnis en versoening en is in staat om dit in detail te beskryf, maar het nie die vermoë om by die vraag aan te sluit en te sê hoe Siphon uiteindelik vry is nie. Maak breë en algemene stellings.
Swak	0–3	Kandidaat gee 'n basiese bespreking van temas, maar versuim om by die aanhaling en vraag aan te sluit. Antwoord kan baie vaag en deurmekaar wees.

(9)
[30]

VRAAG 8: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

- 8.1 Smith se woorde is baie gepas vir Johan soos wat hy geteister word deur herinneringe van die onregte van die verlede waarvan hy deel was. Hy is nie heeltemal duidelik oor die besonderhede van sy herinneringe en die beelde wat terugkom om by hom te spook nie. Hy word ook beïnvloed deur gereelde duik en deur nie behoorlik die druk te verlig ('decompress') wanneer hy na die oppervlak terugkeer nie. Hy is irrasioneel en wisselvallig en 'n bietjie onvoorspelbaar. Hy hoop om sy gewete te salf en sodoende sy herinneringe laat vervaag. (3)
- 8.2 In reël 2 en 3 is sy toon nadenkend en vol herinnering en hy praat natuurlik. Om die gedig in reël 4–7 op te sê, sal hy sy toon verlaag, sy volume verhoog, byna asof hy (as 'n realistiese karakter) besig is met 'n opvoering. Sy toon sou dramaties en verhoog wees en hy sou 'n oordrewe sin van belangrikheid oordra. (4)
- 8.3 8.3.1 Die mis: Stel die see-element van die drama se natuurlike omgewing/verhoogplasing voor, 'n kUSDORPIE. Die mis skep 'n kombors oor die dorp en die gastehuis en isoleer dit. Die mis gee ook 'n droomagtige, geheimsinnige gevoel aan die drama. Dit is 'n verraderlike teenwoordigheid wat nader kruip. Die mis stel hulle onvermoë voor om mekaar en hulself duidelik te sien. (3)
- 8.3.2 Die klok: 'n Klok is 'n teken van waarskuwing. Dit herinner die gehoor daaraan dat gevaar 'n alomteenwoordige waarskynlikheid is, net soos die klok by die see 'n waarskuwing aan matrose is dat die see nie oorwin kan word nie. Die klok help om 'n tipe isolasie van die res van die wêreld te skep. Deur die waarskuwing van die klok te ignoreer, sal mense in die moeilikheid wees. (3)
- 8.3.3 Poësie: Smith sê 'n gedig op wat soortgelyke elemente noem wat met die omgewing skakel waarin die karakters hulle bevind. Soos hy sê: hierdie gedig is in 'n ander tyd en plek geskryf, maar kan 'n weerspieëling/beskrywing van die omgewing van die drama wees. Die gedigfrase '... the unhurried Ground swell ...' is wat aan die drama sy naam gee. Dit lyk asof die gedig beide die dramaturg en die karakter Smith geïnspireer het. (3)
- 8.4 Die vier vroulike karakters wat in die toneelstuk genoem word, is: Noluthando (Thami se vrou aan wie hy gereeld briewe skryf), Marjory (Smith se oorlede vrou), mev. Bekker (blykbaar die eienares van die gastehuis) en Thami se ma (na wie Johan verwys). Die kandidaat kan al 4 kortliks noem of 2 in detail om al 5 punte te kry.
- Noluthando is Thami se vrou. Dit lyk asof hy baie vir haar omgee, maar hy betoon nie die nodige respek aan haar om haar presies te vertel wat hy doen nie. Hy glo dat hy hard werk om in staat te wees om haar alles van die beste te gee, maar hy jok vir haar oor sy werk en hoe suksesvol hy is.
- Marjory het gesterf en Smith is baie eensaam. Hy glo sy vrou was 'n goeie vrou wat haar bes gedoen het om die verdruktes in Suid-Afrika as 'n lid van die 'Black Sash'-beweging te help. Sonder haar in sy lewe het hy rigting en fokus verloor.

Mev. Bekker is die eienares van die gastehuis en Thami is bekommerd dat hy in die moeilikheid sal wees as Johan is nie behoorlik optree nie. Dit blyk duidelik dat Johan in die verlede probleme gegee het. Dit lyk asof mev. Bekker Thami vertrou om die gastehuis in 'n werkende toestand te hou.

Thami se ma is een van Johan se besprekingspunte. Hy glo sy is beroof van die vergoeding toe Thami se pa gesterf het. Hy prys haar poging om die familie bymekaar te hou en hulle te ondersteun. Hy is oortuig daarvan dat sy gesterf het as gevolg van die mislukking van die strukture in die samelewing om haar te help.

(5)

8.5 Drie punte per persoon.

Smith: Smith het rykdom, hy het 'n huis, 'n motor – alles wat met 'n gesonde finansiële situasie gepaard gaan. Wat hy blyk te verloor het, ná 1994, is die betekenis van dit alles: sy familie is versprei en sy langverwagte persoonlike ambisies is gekelder. Hy verstaan nie die dinge wat hy gevra is om te aanvaar nie. Dit is wat hom uit sy huis uit in die onbekende gedryf het, op soek na iets om sy aandag af te lei van sy lewe se leegheid. Hy is van mening dat hy ook bygedra het tot die stryd om vryheid in Suid-Afrika en dit ondersteun het. Hy glo dat hy betaal het vir die feit dat hy 'n wit persoon is. Hy glo hy is 'n eerbare man. Hy is oortuig daarvan dat hy nog nooit iemand willens en wetens ontnem het nie. Hy sê dat hy sy gemeenskap en die mense vir wie hy gewerk het, met welwillendheid gedien het. Hy beweer dat hy diegene wat onder hom gewerk het, billik behandel het. Hy probeer om vir homself 'n plek in die samelewing te vind.

Johan: Johan was 'n polisieman en is desperaat om sy optrede in die verlede te regverdig deur Thami in die hede te help. Sy rol en bruikbaarheid is nie meer nodig in Suid-Afrika nie. Hy is op soek na waar hy inpas. Hy word geteister deur die herinneringe aan die voorvalle waarvan hy deel was. Hy hoop dat die land verander kan word, persoon vir persoon. Hy glo hy is gebruik, verraai en verban – as 'n voorbeeld, 'n simbool van sy volk se sondes in die verlede. Hy het nie die hoop om iewers heen terug te keer nie, soos wat Thami het, of iets van sy voormalige lewe waaraan hy kan vashou nie, soos wat Smith vasbeslote is om te doen nie.

Thami: Sy geskiedenis is die duidelikste deur die geskiedenis van Suid-Afrika geraak. Hy is swart en het minder voordele as Johan en Smith in terme van opvoeding en geleenthede gehad. Hy het die potensiaal om sukses te behaal, maar deur vir sy vrou te jok, het 'n lewe van bedrog begin wat moeilik sal wees om te ignoreer. Hy gaan saam met Johan tot op 'n sekere punt, maar hy het sy lewe saam met sy gesin beplan en Johan is nie ingesluit in daardie visie nie.

Die drie karakters word aan die einde van die drama gelaat, nadat hulle deur 'n traumatiese, selfondersoekende tydjie is, maar nie een van hulle het 'n oplossing of vrede in hul lewens gevind nie.

(9)
[30]

VRAAG 9: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

- 9.1 Die pensioen word net aan Ma betaal as sy 'n weduwee is. As sy weer sou trou, sal sy hierdie bron van inkomste verloor. (2)
- 9.2 Sy wil graag met hom trou omdat sy bang is dat hy haar sal verlaat. Sy is skaam daarvoor 'om in sonde te leef' en smag daarna om gerespekteer te word. Sy is ook bang daarvoor om met hom te trou omdat sy haar bron van inkomste sal verloor en finansiëel op hom sal moet staatmaak. Sy is nie seker of haar man dood is nie. Daar word aangeneem dat hy dood is. Sy is bang dat hy sal terugkeer en dat sy met twee mans getroud sal wees. (2)
- 9.3 Tjokkie is in die kol wanneer hy sê Giel bly net by Ma vir die pensioen – geld. Die gehoor besef dit as Tjokkie dit sê en besef dat dit 'n bron van konflik regdeur die drama gaan wees. Giel noem Ma 'my meisie' en praat liefdevol met haar. Hy stel haar gerus en vertel haar dat dit is asof hulle getroud is. Giel is 'n dobbelaar en hoewel hy werk, leen hy dikwels geld teen sy besittings om verder op die perde te wed. Hy het verblyf en kos, terwyl hy by Ma is. Sodra Giel geld op die perde wen en voel dat hy in staat is om op sy eie aan te gaan, sal hy Ma verlaat. Haar kinders hou nie van Giel nie en hulle vermoedens is reg. Die dramatiese spanning wat deur hierdie stelling veroorsaak word, bou op tot die hoogtepunt wanneer Giel loop. (5)
- 9.4 Tjokkie is besig om aan die motor te werk en Giel sal om die motor en Tjokkie beweeg terwyl hy met hom praat. Giel begin in reël 3 en 4 op 'n redelik gemoedelike manier praat. Hy hou nie daarvan dat Tjokkie praat van 'saamslapy' nie en praat op 'n ferm manier met Tjokkie. Hy beheer sy stem omdat hy hoop Tjokkie sal sien watter perd die wedren gaan wen. Sy liggaam sal in 'n neutrale posisie begin met sy arms langs sy sye en hy wil nie enigiets doen wat Tjokkie sal irriteer nie. Wanneer Tjokkie hom daarvan beskuldig dat hy vir die pensioen bly, probeer hy Tjokkie kalmeer. Giel weet die kwessie van die pensioen en huwelik is omstrede. Sy toon sou effens lig wanneer hy sy stem dwing om kalm en verdraagsaam te bly. Hy praat dan op 'n insiklike, liefdevolle manier wanneer hy sê: 'Ek en jou ma het 'n reine liefde vir mekaar.' Miskien plaas hy sy hand oor sy hart. Hy raak verontwaardig as Tjokkie steeds ongeskik is met hom. Sy volume sal toeneem (sy stem sal harder wees) en hy sou teen 'n vinniger tempo praat in reël 9 en 10 as Tjokkie hom begin irriteer. Uiteindelik, in reël 12, praat hy baie hard en kwaai en draai vinnig van Tjokkie af weg. Hy weet hy kan nie die argument wen nie, daarom stap hy weg, waarskynlik terwyl hy sy skouers ophaal. (4 x 2) (8)
- 9.5 Armer gemeenskappe is geneig om erwe sonder mooi tuine of gras te hê. Dit is te duur om te onderhou. Wanneer motors breek, is dit makliker om in jou tuin daaraan te werk of om 'n motorwerktuigkundige te vra om na jou huis toe te kom wanneer hy met sy amptelike werk klaar is om ekstra geld te verdien. Dit beteken dat dit langer neem om 'n motor reg te maak. Maar dit is goedkoper. Tjokkie se gesin is arm. Die erf buite die huis is die verhoogplasing vir die drama. Dit is duidelik dat daar nie geld vir luukshede is nie. 'n Ou hoenderhok en 'n wasgoedlyn is sigbaar. (4)

9.6 Al drie beskrywings van die karakters is akkuraat.

Ma is sterk en het die gesin bymekaar gehou na die pa se verdwyning. Sy wil baie graag die skyn bewaar en hoop vir 'n beter toekoms vir haar gesin. Haar pensioen is die stabiele inkomste van die gesin het en dit en die huis help om hulle bymekaar te hou.

Tiemie is 'n pragtige jong vrou wat 'n kans het om aan die treurige lewe wat deur armoede beklemtoon word, te ontsnap, totdat sy swanger raak. Hierdie swangerskap bind haar aan Jakes, alhoewel hy vermoed die baba is nie syne nie. Jakes wou hê dat Tiemie moes swanger raak. Hierdie swangerskap is ramspoedig vir Tiemie as sy enige kans op ontsnapping verloor en Jakes haar aan die einde van die drama aggressief aanval.

Tjokkie voel verantwoordelik vir sy suster en ma se situasie, want hy kan in die toekoms 'sien'. Hy word deur beide Giel en Jakes gebruik. Hy wil nie 'sien' nie, want hy weet dat die gevolge gevaarlik mag wees. Hulle dwing hom daar in en die gehoor is nooit seker hoeveel Tjokkie opmaak en hoeveel werklik 'n toestand van profesie is nie. Die drama eindig met Tjokkie onder die motor en die moontlikheid dat hy nie leef nie.

(3 x 3)

(9)
[30]**VRAAG 10: MIS DEUR REZA DE WET**

10.1 Die pa het gekies om op die solder te bly en weg te bly van alle menslike kontak, maar hy het nog steeds kos en drank nodig, daarom word die mandjie laat sak en opgetrek om hom te voer. Hulle het hom vir 'n geruime tyd nie gesien nie, daarom het hy 'n fantasiefiguur in Meisie se gedagtes geword. Dit is nogal vreemd vir die gehoor om te sien hoe die emmer vanaf die bokant van die verhoog beweeg en beklemtoon die besondere situasie waarin die gesin hulself bevind.

(3)

10.2 10.2.1 Die emmer word gebruik in die plek van 'n toilet. Dit moes gereeld laat sak word anders sou dit te vol raak van die nagvuil en mors wanneer dit laat sak word.

(2)

10.2.2 Die gesin maak sakke vir koei-, perd- en varkmis om te verkoop aan boere wat dit nodig het om lande te bemes. Hulle het die heelyd te doen met mis. Die huis ruik daarna en hulle voel dat hulle nie daaraan kan ontsnap nie. Hierdie nagvuil is net nog 'n weergawe van mis. Die gesin bevind hulself in 'n verknorsing en kan gesien word as 'in die poef'.

(3)

10.3 Meisie sou begin deur baie verskrik te praat omdat sy bang is vir haar pa wat sy sien nie, maar soms hoor. Sy sou stadig praat aan die begin: 'Ek is bang ...', en dan na 'n pouse baie vinnig die woorde aframmel: '... as ek opkyk, sien ek dalk sy maer, ou wit hand.' – Sy is nie net bang nie, maar ook verleë en skaam daarvoor dat sy vir haar eie pa bang is.

(2 x 2)

(4)

- 10.4 Die toneelstuk kan geklassifiseer word as magiese realisme. Die dramaturg gebruik 'n tegniek van realistiese dramaturge en verduidelik grootliks hoe die karakters moet beweeg en praat om seker te maak haar visie word korrek op die verhoog geskep.

Hierdie aanwysings sluit atmosferiese besonderhede in. Die regisseur sou moes seker maak dat hierdie aanwysings in 'n produksie teenwoordig is om die magiese deel van die drama vas te vang. Die verskeidenheid van windklanke, die geluide van die pa en die sirkusmusiek wat ver weg speel.

Die dramaturg gee aan die regisseur baie duidelike instruksies oor hoe om die drama op die verhoog aan te bied.

(6)

- 10.5 **Intrige:** Die storielyn is soortgelyk aan 'n sprokie. In 'n klein dorpie raak meisies weg wanneer die sirkus kom. Meisie word binne gehou en gevra om nie by die venster uit te kyk na buite na die sirkus nie, maar die versoeking is te groot. 'n Gerespekteerde konstabel kom besoek aflê en dit stel die ma – Miem – gerus, maar hierdie konstabel verander in 'n harlekyn tipe karakter en neem Meisie saam met hom.

Genre: Magiese realisme – die taal, dialoog en verhoogplasing lyk realisties, maar die aksie, gebeure en atmosfeer van die spel is fantasties.

Temas: Ontsnapping uit 'n onderdrukkende omgewing, seks, seksualiteit en sensualiteit, vrees vir die onbekende.

PUNTE 10.5**BESKRYWER**

Die kandidaat moet met die stelling saamstem. Indien hy/sy verskil, moet dit baie goed gemotiveer word en 'n maksimum van 5–7 punte verdien.		
Uitstekend	10–12	Kandidaat verstaan duidelik <i>Mis</i> se intrige, genre en temas. Hy/Sy is in staat om die aanhaling te bespreek en konkrete, spesifieke voorbeelde uit die drama te gee om sy/haar argument te ondersteun. Toon insig, waarneming en kennis wat goed uitgedruk is.
Goed	8–9	Kandidaat verstaan <i>Mis</i> se intrige, genre en temas. Hy/Sy is in staat om die aanhaling te bespreek en konkrete, spesifieke voorbeelde uit die drama te gee om sy/haar argument te ondersteun. Georganiseerd, omvattend, 'n sekere vlak van bevoegdheid, 'n paar klein foute waarneembaar in die struktuur. Duidelike stellings, oortuigend en eenvoudige, direkte taalgebruik. Toon goeie begrip van die aanhaling en maak 'n paar logiese stellings.
Gemiddeld	5–7	Kandidaat verstaan <i>Mis</i> se intrige, genre en temas. Hy/Sy is in staat om kommentaar te lewer op die aanhaling en ten minste een voorbeeld uit die drama te gee om sy/haar argument te ondersteun. Demonstreer 'n basiese begrip, maar is soms geneig tot ondeurdagte en stereotipe reaksie. Struktuur nie noodwendig logies nie en verbind dikwels minder direk met die aanhaling.
Elementêr	3–4	Kandidaat het 'n mate van begrip van <i>Mis</i> se intrige, genre en temas. Hy/Sy is geneig om dit op te noem, eerder as om dit in die lig van die stelling te bespreek. Demonstreer 'n basiese begrip, maar is soms geneig tot ondeurdagte en stereotipe reaksie. Struktuur nie noodwendig logies nie en is dikwels minder direk met die aanhaling verbind. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde te ondersteun nie.
Swak	0–2	Die antwoord is eenvoudig, en verklaar ten beste inligting oor <i>Mis</i> se intrige, genre en temas. Nie in staat om enige sinvolle kommentaar oor die aanhaling te lewer nie. Onsamehangend, beperkte vaardighede en dikwels irrelevant.

(3 x 4)

(12)
[30]**TOTAAL AFDELING B:****60**

AFDELING C: PAS PERSOONLIKE HULPBRONNE TOE EN BESIN EN EVALUEER

AFDELING C is VERPLIGTEND.

VRAAG 11

Nasieners moet in ag neem dat leerders die uittreksel vir die eerste keer sal lees en kreatiewe antwoorde en eie opinies moet aanvaar word, maar maak seker dat hierdie gemotiveer word uit 'n begrip van die teks.

- 11.1 Ronald groet Noreen deur sy hand uit te steek om hare te skud; hy stel homself ook bekend deur sy voornaam te gee. In reël 4 sê hy: 'Noem my Ronald'. Sy gedrag vertel ons dat hy beleefd en vriendelik is. Noreen is baie meer formeel, selfs gespanne. Sy skud nie sy hand nie, maar ignoreer dit; baie onbeskofte en minagtende gedrag. Nadat Ronald sy voornaam gegee het, stel sy haarself bekend as mev. Greenwood en antwoord nie met haar voornaam nie. Weereens baie beledigend. (4)
- 11.2 Sy begin deur met 'n **verkleinerende** toon kommentaar te lewer op die outydse Engelse voornaam van Ronald se dogter. Sy is **verhewe** as sy aanvaar dat Ophelia ongetroud is omdat sy bruin is en haar uitdrukking 'baie met julle mense gebeur' (reël 14–15) word met 'n **arrogante** toon gesê. Sy is uit die veld geslaan en **verbaas, geskok** en **ongemaklik** as sy besef dat die pa dood is. (Die kandidaat moet ten minste 2 tone hê, ondersteun deur verwysing na die teks om volpunte te kry.) (4)
- 11.3 In reël 22, toe Ronald besef daar is 'n TV in die kamer, is hy baie opgewonde en sal teen 'n toenemend vinnige tempo praat met die laaste drie 'dankie's' wat baie vinnig gesê word. In reël 24–26 sou sy aanvanklike reaksie teen 'n vinnige tempo wees. Dan sou hy stadiger praat en pouse gebruik om die aandagstrepe (–) aan te dui wanneer hy met Noreen praat asof sy is 'n bietjie dom is. Hy gaan voort teen 'n afgemete tempo, maar praat weer vinniger wanneer hy praat oor die moontlikheid om die wedstryd te mis. Na 'n deurdagte pouse, maak hy klaar teen 'n rustige tempo. (4)
- 11.4 Ronald is geregtig om aanstoot te neem aan Noreen se ooglopende vooroordele en gebrek aan kennis oor sy gemeenskap, maar hy reageer op 'n gemaklike manier en ignoreer haar onbeskoftheid. Ons lag oor Noreen se rassisme en Ronald se ligsinnige reaksie op Noreen se nuuskierigheid oor die pa van die baba, maar die dood van 'n pa en die feit dat Ophelia 'n wese in die wêreld gaan bring, is 'n ernstige saak. Dikwels skakel gehore af wanneer die drama ernstig is – hulle sal lag, maar die kwessies sal hulle bybly nadat hulle die teater verlaat het. (3)

(3)
[15]

VRAAG 12

12.1 Danser A moet fisies baie sterk wees en moet akrobatiese en gimnastiekvaardighede hê, want nie baie dansers sal in staat wees om die aksie van 'n agteroorsalto ('backflip') oor 'n balk uit te voer nie. Hy sal ook 'n goeie balans moet hê sodat hy nie val tydens die landing nie. Indien die kandidaat slegs die woord 'gimnas' gee, ken die punt toe. (1)

12.2 Die valhek kan gebruik word om op te staan en te sit om die danser hoogte te bied en as 'n vlak van waar gesprong kan word om opwindende teateroomblikke te skep. Die dansers kan vanaf die valhek tot op die rug of skouers van ander dansers beweeg. Dit gee aan die verhoog 'n fokuspunt waarrondom die dansers beweeg. Die kommentaar wys dat die valhek 'n struikelblok in die dans voorstel en dansers kan dit gebruik deur nader aan en verder weg van die versperring te beweeg.

Kandidaat moet erkenning kry vir verdere punte wat gestaaf word. (4)

12.3 Die kandidaat moet in staat wees om te beskryf hoe die dansers/akteurs beheer oor hul liggame moet uitoefen, maar moet voorgee dat hulle val of onvas is in hul posisies wanneer die valhek opgelig word. Die beskrywing moet duidelik die fisiese veranderinge van die twee liggame verduidelik wanneer hulle beweeg en sal waarskynlik die hurk, wegkruip of buiging van hul liggame wys om vrees aan te toon. (5)

12.4 Hierdie rubriek bevat die antwoord: 12.4.

PUNTE 12.4**BESKRYWER**

Goed	4–5	Die kandidaat is in staat om simboliek in dans te bespreek en hoe die interpretasie van dans minder op storielyn en meer op die simboliese aard van die danspassies en beweging en die fisiese rekwisiete wat gebruik word, gebaseer is. Hy/Sy is in staat om aan te sluit by die bronfoto en die twee kommentare daaronder.
Gemiddeld	2–3	Die kandidaat sê dat simboliek in dans belangrik is, maar is geneig om beperkte voorbeelde te gee op grond van slegs die valhek eerder as simboliek as 'n belangrike aspek van dans. Hy/Sy gebruik óf die bronfoto en die twee kommentare óf skryf oor die algemeen oor simboliek.
Swak	0–1	Die kandidaat maak 'n paar eenvoudige stellings oor beweging, dans en/of simboliek.

(5)

12.5 12.5.1 Die kandidate mag enige toepaslike oefening gebruik. Die volgende is 'n voorbeeld:

Gebruik konsonant- en vokaalklanke herhaaldelik om lip-, wang-, tong- en asembeheer te versterk, d.w.s. spoeg met een asemteug soveel 't'-klanke as moontlik uit: : 't...t...t...t', dan 'b...b...b...b'. Kontrasteer dit met vokaalklanke en meer volgehoue asembeheer, soos: 'aaaaaaa' of 'eeeeee'.

(5)

12.5.2 Hierdie rubriek bevat die antwoord: 12.5.2.

PUNTE 12.5.2**BESKRYWER**

Goed	5–6	Kandidaat is in staat om duidelik en in detail te antwoord. Fisiese oefening word bespreek en die kandidaat gebruik sy/haar eie ervaring en kennis van die ontwikkeling van sy/haar liggaam as 'n instrument vir opvoering en het spesifieke voorbeelde om sy/haar mening te ondersteun. Toon insig, waarneming en kennis wat goed uitgedruk is.
Gemiddeld	3–4	Kandidaat is in staat om duidelik te antwoord. Fisiese oefening word bespreek en die kandidaat gebruik sy/haar eie ervaring en kennis van die ontwikkeling van sy/haar liggaam as 'n instrument vir opvoering. Dikwels word persoonlike kommentaar eerder as teoretiese kommentaar gebruik. Duidelike stellings, oortuigende en eenvoudige, direkte taalgebruik. Toon goeie begrip van fisiese oefening en maak 'n paar logiese stellings.
Swak	0–2	Kandidaat het 'n mate van begrip van die ontwikkeling van sy/haar liggaam as 'n instrument vir opvoering. Kandidaat gee ten minste een voorbeeld van hoe hy/sy sy/haar liggaam fisies ontwikkel het. Toon 'n mate van begrip, maar is eenvoudig en kan ook deurmekaar raak met die hantering van vokale of tekstuele opleiding. Struktuur nie noodwendig logies nie.

(6)

12.5.3 Hierdie rubriek bevat die antwoord: 12.5.3.

PUNTE 12.5.3**BESKRYWER**

Goed	4	Kandidaat is in staat om die akkuraatheid van die stelling duidelik en direk te bespreek en is in staat om in detail te verduidelik waarom hy/sy saamstem met of verskil van die stelling. Kandidaat gebruik sy/haar eie ervaring en kennis van opvoering en gebruik spesifieke voorbeelde om sy/haar mening te ondersteun. Toon insig, waarneming en kennis wat goed uitgedruk is.
Gemiddeld	2–3	Kandidaat is in staat om die akkuraatheid van die stelling in detail te bespreek en waarom hy/sy saamstem met of verskil van die stelling. Kandidaat gebruik sy/haar eie ervaring en kennis van opvoering en gebruik ten minste een voorbeeld om sy/haar mening te ondersteun. Toon begrip van die probleem en maak 'n paar logiese stellings.
Swak	0–1	Kandidaat het 'n mate van begrip van die stelling wat ontwikkel, maar is geneig om algemene stellings te maak. Kandidaat gee ten minste een voorbeeld van hoe hy/sy sy/haar verstand in die opvoeringsproses gebruik. Struktuur nie noodwendig logies nie.

(4)
[30]

VRAAG 13

Kies enige EEN van die volgende drie vrae.

13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**PUNTE 13.1****BESKRYWER**

Uitstekend	12–15	Kandidaat verstaan die aanhaling duidelik en kan sy/haar eie ervarings met die aanhaling in verband bring. Kandidaat gee konkrete, spesifieke voorbeelde van rolle gespeel en hoe dit die kandidaat beïnvloed het, of nie. Die kandidaat kan saamstem met of verskil van die aanhaling, afhangend van sy/haar ondervinding van toneelspel. Hy/Sy kan 'n teaterpraktisyn (d.w.s. Stanislavski, Brecht of Grotowski) gebruik om sy/haar argument te ondersteun. Kandidaat is in staat om te onderskei tussen die omstandighede van 'n karakter wat opgevoer word en die waarskynlike groei wanneer daar gepoog word om nuwe ervarings te hanteer.
Goed	9–11	Kandidaat verstaan die aanhaling en kan sy/haar eie ervaring met die aanhaling in verband bring. Kandidaat gee ten minste een konkrete, spesifieke voorbeeld van 'n rol gespeel. Kandidaat sal waarskynlik gedetailleerde beskrywings van die rol(le) gee en duidelik die verband sien tussen die karakter en wat die effek daarvan op hom/haar was. Hy/Sy kan 'n teaterpraktisyn (d.w.s. Stanislavski, Brecht of Grotowski) gebruik om sy/haar argument te ondersteun, maar dit is nie noodsaaklik nie.
Gemiddeld	6–8	Kandidaat gee ten minste een konkrete, spesifieke voorbeeld van 'n rol gespeel wat geïnterpreteer kan word dat dit sy/haar lewe beïnvloed het. Hy/Sy noem ook hoe hierdie rol hom/haar beïnvloed het. Kandidaat is geneig om óf verskeie rolle op te noem óf te skryf oor die opvoeringsproses van een rol. Verbind dikwels minder direk met die onderwerp.
Elementêr	4–5	Kandidaat slaag daarin om ten minste een voorbeeld van 'n opvoering te gee, maar antwoord met behulp van vae verbindings. Die antwoord is dikwels eenvoudig, slegs 'n voordrag van wat die karakter gedoen of gesê het.
Swak	0–3	Kandidaat skryf vaag oor opvoering, en herbewoord die aanhaling dikwels in plaas daarvan om oor sy/haar eie ervaring van opvoering te skryf. Die antwoord is eenvoudig en sê hoogstens wat die karakter gedoen of gesê het. Nie in staat om enige sinvolle kommentaar oor die aanhaling te lewer nie.

[15]**13.2 MEDIASTUDIES (KEUSEVRAAG)****PUNTE 13.2****BESKRYWER**

Uitstekend	12–15	Kandidaat verstaan die aanhaling duidelik en kan argumenteer vir en teen die behoefte vir opleiding in filmteorie en -produksie. Die kandidaat is in staat om die spesifieke terminologie in die studie van media en film in sy/haar antwoord te gebruik. Hy/Sy het ondervinding van die skep van sy/haar eie filmvolgorde en kan sy/haar persoonlike ondervinding met die aanhaling in verband bring.
Goed	9–11	Kandidaat verstaan aanhaling en kan die behoefte vir opleiding in filmteorie en -produksie teenoor die toeganklikheid van selfone en videokameras verduidelik. Die kandidaat is in staat om die spesifieke terminologie in die studie van die media en film in sy/haar antwoord te gebruik. Hy/Sy kan sy/haar persoonlike ondervinding met die aanhaling in verband bring.
Gemiddeld	6–8	Kandidaat verstaan die aanhaling en kan die behoefte aan opleiding in filmteorie en -produksie noem, maar ondersteun dit nie met met konkrete voorbeelde nie. Hy/Sy probeer om sy/haar persoonlike ervaring met die aanhaling in verband te bring en fokus op die gebruik van selfone en videokameras. Kandidaat skakel dikwels indirek met die stelling.
Elementêr	4–5	Kandidaat fokus op sy/haar eie gebruik van die selfoon of videokamera, eerder as enige konkrete film- en produksieteorie. Die antwoord is dikwels eenvoudig, slegs 'n voordrag van wat die kandidaat verfilm het. Die antwoord korrek, meer toevallig as beplan.
Swak	0–3	Kandidaat maak ongegronde stellings oor verfilming met behulp van 'n videokamera of selfoon. Antwoord ondersteun net stelling en toon min of geen begrip van film en produksie nie. Oor die algemeen naïewe en simplistiese stellings.

[15]

13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUELE (KEUSEVRAAG)

PUNTE 13.3

BESKRYWER

Uitstekend	12–15	Kandidaat verstaan die aanhaling duidelik en kan met 'n verhouding tussen kulturele opvoering, ritueel en teater assosieer. Kandidaat is in staat om 'n argument ter ondersteuning van die waarheid van die aanhaling saam te stel en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde in die bespreking van die akkuraatheid (waarheid) van hierdie aanhaling.
Goed	9–11	Kandidaat verstaan die aanhaling en kan assosieer met 'n verhouding tussen kulturele opvoering, ritueel en teater. Kandidaat gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde om die akkuraatheid (waarheid) van hierdie aanhaling te bespreek.
Gemiddeld	6–8	Kandidaat maak stellings oor die aanhaling en kan assosieer met 'n verhouding tussen kulturele opvoering, ritueel en teater. Kandidaat gebruik 'n paar voorbeelde om die akkuraatheid (waarheid) van hierdie aanhaling te bespreek. As die kandidaat slegs die ritueel of kulturele opvoering beskryf of vertel, kan 'n maksimum van 7 punte toegeken word.
Elementêr	4–5	Kandidaat slaag daarin om 'n voorbeeld(e) van 'n verhouding tussen kulturele opvoering, ritueel en teater te gee, maar is selde in staat om dit met die aanhaling in verband te bring.
Swak	0–3	Kandidaat gee 'n paar basiese beskrywings van 'n verhouding tussen kulturele opvoering, ritueel en teater. Oor die algemeen is stellings wat verband hou met die antwoord, meer toevallig as beplan.

[15]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150